

VGK MALMESBURY GESINSDIENS, 29 MAART 2020

RAAK BEWUS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID

- Steek 'n kers aan. Hierdie kers is dien as teken van God se teenwoordigheid in ons huise, land en die wêreld.
- Een van julle kan hardop die volgende gebed lees:

Liewe Heer, hierdie kers herinner ons dat U God is, al lyk die wêreld só.

Liewe Heer, hierdie kers herinner ons dat U in ons huis is, al lyk die wêreld só.

Liewe Heer, hierdie kers herinner ons dat Suid-Afrika in u hande is, al lyk die wêreld só.

Liewe Heer, u is God, al lyk die wêreld só.

Amen

RAAK BEWUS VAN WAT JULLE VOEL EN DINK

- Elkeen kan nou die sin “Ek wens...” voltooi. Hier kry elkeen in die gesin die geleentheid om sy/haar grootste wens te deel.

ONS AANBID

- Sing of speel nou een van julle gunsteling liedjies.

ONS LEES DIE WOORD

- Twee persone kan nou voortgaan (indien moontlik, 'n man-stem en 'n vroue-stem) om **Jeremia 29:1-11** hardop te lees. Daarna kan elkeen die teks vir 'n derde keer op sy/haar eie lees.
- Omkring, onderstreep of skryf enige iets neer wat by jou opkom of uitstaan uit die teksgedeelte. Deel dit dan met mekaar in die groep of twee-twee. (**Maak asb seker dat julle die gedagtes en opinies van ons kinders en jongmense ook hoor!**)

OORDENKING

Almal van ons het wense...

Ons wens onder andere dat ons 'n beter werk kry. Ons wens ons kan aftree. Ons wens dat iemand ons kan vergewe. Ons wens dat ons eendag suksesvol sal wees. Ons wens dat ons kinders gelukkig sal wees.

Almal van ons het wense... Ons wense mag met tyd verander, maar die feit dat ons wens verander nie. Ja, ons het uiteenlopende wense maar wens, wens ons!

As Suid-Afrikaners sit ons vandag met 'n gedeelde wens: Ons wens dat die situasie in ons land sal verander – ons wens dat hierdie angstige tye tot 'n einde sal kom.

Soos ons, het die Israëliete ook wense gehad. In die tyd van Jeremia 29 het hulle ook gewens dat hulle omstandighede tog sal verander. Hulle het gewens dat die toekoms sal aanbreek omdat die hede eenvoudig vir hulle net te sleg was..

Vyande, die mense van Babel, het die land wat God aan hulle as 'n geskenk gegee het, die land Kanaän, kom afvat. In die proses is baie van die Israëliete gevange geneem en gedwing om in 'n vreemde land, Babilonieë te gaan woon. So 'n deel van die Israëliete het in hul huise in Jerusalem agter gebly en die ander is weggevat Babilonieë toe. Die wat Babilonieë toe is moes in 'n vreemde land tussen vreemde mense met vreemde

gewoontes gaan woon.

Op 'n dag stuur Jeremia, terwyl hy in Jerusalem was, vir hulle wat in Babiloniet sit, 'n brief. Ek sien in my geestesoog hoe opgewonde hulle is om nuus van die huis af te ontvang. Natuurlik het hulle gehoop op goeie nuus. Maar tot hulle skok en groot teleurstelling hoor hulle in vers 5:

"Bou vir julle huise in Babel om in te bly. Maak vir julle tuine en eet die kos wat uit die tuine kom. Julle moet ook trou en kinders hê. Sorg ook dat julle kinders maats kry om mee te trou. Mag hulle vir julle baie kleinkinders gee. Werk daaraan dat julle getalle meer word en nie minder nie. Doen ook julle deel dat daar vrede en voorspoed in Babel sal wees. Vra ook in gebed vir die Here dat dit goed sal gaan met die stad waar julle aangekom het toe julle uit julle land weggevat is."

Ek hoor Jeremia sê: Moenie weghardloop van julle huidige omstandighede nie. Julle is nou presies waar julle moet wees. Moet nie wag vir beter dae nie. Moet nie wag vir ander omstandighede nie. Moet nie wag vir dinge om eers te verander nie. Leef nou. Leef in die hede. Dien God in die hede.

Die enige plek waar ons God kan dien is waar ons nou in ons lewe is. Die enigste tyd wat ons God kan dien is in die hier en nou. Die enigste plek waar ons God kan aanbid is die plek waar ons ons self nou bevind.

In watter omstandighede jy jou ook al vandag mag bevind, dien God terwyl jy in daardie omstandighede is. Dien God terwyl jy die wind van voor beleef, dien God daar waar jy is al wil jy nie wees waar jy is nie. In Suid-Afrika moet ons God dien en leef terwyl ons die Covid-19 pandemie in die gesig staar.

Volgeling van die God van Jesus Christus hardloop nie weg nie. As volgeling van Jesus wens en hoop ons op beter omstandighede, maar ons hardloop nie weg van ons huidige omstandighede nie – ons dien God net hier waar ons is! Ons kies om te leef en om God te dien ongeag die huidige omstandighede, want ons weet ons sal eendag weer voorspoed beleef.

AMEN

ONS DOEN DIE WOORD

Neem 'n foto van julle gesin en plaas dit as julle *Whatsapp* en/of *Facebook status/profile* met die volgende woorde daarby gevoeg: **"Ons hardloop nie weg nie, ons dien God in die omstandighede waarin ons, ons tans bevind."**

ONS BID VIR ONS LAND

Een van julle kan nou voortgaan om die volgende gebed vir ons land te doen:

God seën Afrika. Bewaar ons, haar kinders. Gee leiding aan haar leiers. Genees ons land. Herstel ons waardigheid, en gee ons vrede. Amen

AFSLUITING

Sluit vandag se sessie gesamentlik af deur julle geloof te bely in die woorde van die Apostoliese Geloofsbelijdenis. Maak seker dat almal hieraan kan deelneem.

-AMEN-